Rauch hoogtepunt van amfiteater se seisoen

MARIANA MALAN

LIGTE MUSIEK: Laurika Rauch met klavierbegeleiding deur Clinton Waring. In die Oude Libertas-amfiteater. Die afgelope twee aande; tot môre. Kaartjies vir sitplek op die gras is nog beskikbaar.

DERTIG jaar het soos 'n wolkie voor die maan weggeskuif toe Laurika Rauch Donderdagaand op die verhoog stap. Sy was presies daardie sanger wat soveel jare gelede 'n mens se asem met "Kinders van die Wind" weggeslaan het.

Slank, vol selfvertroue en met 'n rustigheid wat net jare se ondervinding kan bring, het sy die gehoor in die palm van haar hand gehad.

Selfs buitelandse besoekers het elke lied se woorde geken. Aan die einde van die aand het een van hulle na die verhoog gedraf. Rauch aan die hand gevat en baie mooi gevra dat sy "Blouberg se strand" moet sing. Sy het. Die hele gehoor het saamgesing. Dit was een van daardie magiese oomblikke wat hom net af en toe in die teater voordoen.

Dis 'n besonder dapper soort konsert wat aangebied is. Net Rauch en haar begeleier van jare, Clinton Waring, was op die verhoog. Met net stem en klavier rus daar soveel meer verantwoordelikheid op die twee kunstenaars. Vir die gehoor is dit egter die seldsame geleentheid om werklik na die stem en die lirieke te kan luister. Dis ook 'n kans om te hoor wat een mens op een instrument kan doen om te komplementeer, ondersteun en uit eie reg te skitter.

Rauch sing 'n mengsel van oud en splinternuut. Sy sing van liefde en verlange, neem die gehoor op reis en erken ander se bydrae tot die vertoning. Jong kunstenaars kan gerus hier 'n les of twee kom leer van professionalisme, deeglike vooraf-beplanning en voorbereiding.

Die soel aand, maanlig, omgewing en veral die towerkrag van vertolking laat dit uitstaan as een van die amfiteater se hoogtepunte vanjaar.